Wes-Kaap Onderwysdepartem
Western Cape Education Departm
iSebe leMfundo leNtshona Ko

| Navrae / Enquiries / iMibuzo | M CRONJé | Verwysing / Reference / Ubhekiso | 6/10/B | Telefoon / Telephone / iMfonomfono | 403-6911 |
|---|---|---|---|---|---|

Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye: Onderwyshoof
Privaatsak / Private Bag: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: KAAPSTAD
Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi: 8000
Faks / Fax: 419-596
Datum/Date / Umhla: 2 November 1998

AAN:

HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE
EN AREABESTUURDERS

OMSENDBRIEF 0140/98

NAKOMING VAN 'N 40-UUR-WERKWEEK: STAATSDIENSPERSONEEL EN OPVOEDERS WAT BY KANTORE IN DIENS IS

Ingevolge die bepalings van Staatsdiensregulasie G1.1 moet alle beamptes of voltydse werknemers 'n minimum van 40 uur per week werk.

Voor die totstandkoming van die Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap het sekere departemente slegs 7 3/4 uur per dag gewerk, terwyl ander departemente wel 8 ure per dag gewerk het. 'n Ooreenkoms is gevolglik destyds binne die Provinsiale Onderhandelingskamer bereik waarvolgens die voorreg van 'n werkweek van 38 uur en 45 minute met ingang van 1 Augustus 1995 uitgebrei word na alle personeel binne die Administrasie.

Die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap het gevolglik ontdek dat voormelde ooreenkoms nie voldoen aan die bepalings van Staatsdiensregulasie G1.1 wat 'n 40 uur werkweek voorskryf nie. 'n Dispuut is verklaar tussen die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap en die unies wat werknemers binne die Provinsiale Onderhandelingskamer verteenwoordig, oor die geldigheid van die 1995-ooreenkoms. Die aangeleentheid was gevolglik verwys na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) aangesien die dispuut nie opgelos kon word in die Provinsiale Onderhandelingskamer nie.

Na die relevante feite tot die dispuut aangehoor is, het die KVBA op 16 April 1998 'n toekenning gemaak wat dit stel dat die ooreenkoms wat die betrokke partye op 5 en 6 Julie 1995 aangegaan het ongeldig was en dat dié beamptes en werknemers wat tans minder as 'n 40 uur per week werk nie aan statutêre vereistes voldoen nie.

2/...

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement as een van die departemente binne die Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap is derhalwe wetlik verplig om volgens die bepalings van Staatsdiensregulasie G1.1 'n 40-uur-werkweek te werk.

'n Verandering van die werkure om 'n ekstra 15 minute per dag te akkommodeer om dit 'n 8-uur-werkdag te maak, moet derhalwe gevestig word. Dit word derhalwe in die vooruitsig gestel dat die amptelike werkdag een van die volgende moet wees, naamlik:

a) begin om 07:30 en eindig om 16:00, of
b) begin om 07:45 en eindig om 16:15.

Dit sal waardeer word indien elke beampte en werknemer 'n keuse kan aandui op die aangehegte vorm en dit oorhandig aan sy/haar toesighouer, wat moet verseker dat dit die Direktoraat: Personeelbestuur nie later as 20 November 1998 nie moet bereik. 'n Finale besluit wat op hierdie opname gebaseer sal word, sal dan geneem word.

Bring asseblief die inhoud van die omsendbrief onder die aandag van al die personeel.

U samewerking word waardeer.

Nms. HOOF: ONDERWYS

***WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT/WESTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT***

*NAKOMING VAN 40-UUR-WERKWEEK/COMPLIANCE WITH A 40 HOUR WORKWEEK*

*Maak asseblief u keuse in die betrokke spasie deur dit met 'n kruis aan te toon:*

*Please indicate your choice by making a cross in the appropriate space:*

*A) Werkdag begin om 07:30 tot 16:00*
*Working day starts at 07:30 to 16:00* ______

*B) Werkdag begin om 07:45 tot 16:15*
*Working day starts at 07:45 to 16:15* ______

*Kommentaar/Comments:* ____________________

____________________

____________________